**497 Wees bly o Hemelkoningin**




O veë nou u trane af,
wees bly, Maria;
u Seun was sterker as die graf,
halleluja!
Bid God vir ons, Maria.

Sy lydend' hoof en aangesig,
wees bly, Maria;
straal nou in goddelike lig,
halleluja!
Bid God vir ons, Maria.

Die purperkleed, die riet, die kroon,
wees bly, Maria;
is nou met heerlikheid beloon,
halleluja!
Bid God vir ons, Maria.

Onbekend Onbekend